

Donderdag 1 Maart

Skrifgedeelte: 1 Petrus 1:3-5

Fokusgedeelte: 1 Petrus 1:3-5

Lewe hoopvol in 'n hooplose wêreld

Gelowiges het die opdrag om hoopvol in 'n hooplose wêreld te lewe. Dit is nie altyd depressiewe mense, selfs ook gelowiges, beskore nie. God, die Vader van ons Here Jesus Christus, gee sy kinders deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood die gawe van die nuwe lewe – ook *wedergeboorte* of *geestelike geboorte* genoem. Dit gebeur wanneer die Heilige Gees ons kinders van God maak.

Dit is hierdie term wat Jesus gebruik het toe Hy vir Nikodemus van die verlossing vertel het (vgl. Joh. 3). Die feit dat God ons die nuwe lewe gegee het, hou vir ons groot troos en bemoediging in. God het die inisiatief geneem en ons sy kinders gemaak! Dit het gebeur omdat Jesus Christus met sy opstanding die dood oorwin het.

Die gevolg daarvan is dat *ons 'n lewende hoop het in 'n hooplose einde en wêreld, en weet dat God jou veilig bewaar* – dan kyk jy nie vas teen die harde werklikhede nie. Dit maak nie saak hoe swaar jy kry nie. Jy weet dat God *nie net jou erfenis* veilig in bewaring hou nie, maar *dat Hy ook jou veilig bewaar*. As jy dit weet, hoe kan jy ooit in wanhoop verval deur moeilike mense of omstandighede soos natuurrampe?

Die almagtige God het jou in sy beskerming geneem! Hieruit put jy deur die krag van God se getrouheid en ontvang jy wat God beloop het. Die eindoordeel (vgl. Rom. 14:10 en Op. 20:11-15) hou dus vir jou geen vrees in nie.

Sing: Skrifberyming 11-1:6, 7, 8

Dr. PW (Pieter) Bingle (Emeritus)